# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (10/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 24 Maart 2017*

***"I'm lazy. But it's the lazy people who invented the wheel and the bicycle because they didn't like walking or carrying things" Lech Walesa***

## SITRUS LEGENDES

By die eerste CGA Sitrus Summit is daar besluit om erkenning te gee aan die wat betekenisvolle bydraes tot hierdie groot bedryf gemaak het - en die eerste drie sitrus legendes is aangekondig. 'n Legende word gedefinieer as " 'n baie beroemde of berugte persoon, veral in 'n bepaalde veld" - in die geval van die Sitrus Legendes word erkenning gegee vir hul bydrae tot die vestiging en die sukses van die CGA, vir hul bydrae tot die welvaart en volhoubaarheid van die produsente sektor; en uiteindelik vir hul bydrae tot die volhoubaarheid en winsgewendheid van die totale Suider-Afrika se sitrusbedryf. CGA personeel en personeel van die CGA Groep is uitgesluit - ons doen dit vir die liefde van die saak.

Die eerste drie legendes is toe versoek om die drie legendes te kies wat by die Summit se galadinee aangekondig is. Die Legendes het besluit om hul keuse op gebeure of mylpale in die sitrusbedryf te baseer. Met ander woorde wat is die dinge wat plaasgevind het wat bygedra het tot die groei en sukses van die sitrusbedryf? Van daardie lys het die Legendes persone geïdentifiseer wat aansienlik tot die sukses van so 'n geval of mylpaal bygedra het. Die persoon moes dit nie net vir hulself gedoen het nie, maar tot voordeel van almal.

'n Lang lys van gebeure of mylpale is gelys - hierdie het kommersiële opening van nuwe markte, biosekuriteit, inligting, die Sitrusverbeteringskema, Produsente-eenheid, CBS en VKM, transformasie, stabiliteit in die pomelo-sektor, logistieke prosesse, gehaltebeheer en uitbreiding van kultivars ingesluit.

Baie kandidate wat kwalifiseer, is geïdentifiseer - maar net drie kon gekies word. Die toekennings aan die 2017 CGA Sitrus Legendes is deur die eerste drie Legendes: Hoppie Nel, Peter Nicholson en Jock Danckwerts oorhandig.

## HENNIE le ROUX: SITRUS LEGENDE (SOOS BY CGA SITRUS SUMMIT VOORGELEES)

Hierdie legende, wat in 1959 gebore is, het sy avontuur in die sitrusbedryf in Suid-Afrika op 1 Desember 1983 begin, toe hy 'n beurs van die Sitrusbeurs ontvang het vir 'n MSc-graad in Plantpatologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy het toe 'n pos as navorsingswetenskaplike vir grondgedraagde siektes by "Outspan Citrus Centre" in Nelspruit vanaf 1986 aanvaar en was sedertdien 'n staatmaker vir die sitrusbedryf in die CRI strukture gewees. In die proses het hy sy PhD in 1995 op die beheer van sitrusaalwurms behaal.

Op 'n vroeë stadium in sy loopbaan was hy suksesvol in die transformering van die sitruskwekery bedryf in Suid-Afrika, wat gelei het tot 'n wêreld-klas standaard van siekte-vrye, gehalte bome wat die grondslag gelê het vir 'n hoë produksie, internasionaal-mededingende sitrusbedryf. Hy het voortgegaan om 'n grondgedraagde siekte bestuursraamwerk te vestig wat die uitstaande gehalte kwekerybome ondersteun het om volgehoue winsgewende produksie moontlik te maak. As 'n navorsingswetenskaplike het hy wêreldwye erkenning vir hierdie prestasies binne 'n merkwaardige kort tydjie gekry. Bykomend tot sy navorsingsvaardighede het hy vinnig die "turn to man" geword om te help om uitdagings en probleme oor die hele spektrum van sitrus wat verbou word, en na-oes aktiwiteite, op te los, en in die proses 'n hoë koste: voordelige voorligtingsdiens vir die sitrusbedryf tot stand gebring. Sy bewustheid van globale uitdagings met betrekking tot voedselveiligheid en biosekuriteit het hom die logiese "turn to man" gemaak om die bedryf se biosekuriteitsprogram te dryf en te ondersteun. Afgesien van sy verreikende en groot bydraes tot navorsing, voorligting en biosekuriteit, was hierdie legende ook 'n baie beginselvaste leier en het baie om hom geïnspireer om by hulle beginsels te staan en verbind te bly tot diens aan die groter sitrusbedryf deur navorsing, kreatiwiteit en goeie sitruspraktyke. Hy het die kuns en waarde van verhoudings en vriendskappe, plaaslik sowel as internasionaal, ten volle verstaan. Dit het gelei tot opmerkings van ander internasionale leiers soos "there is probably no other individual with as many friends in the citrus world" en "the most beloved person in the citrus industry worldwide". Dit is wat hy was, 'n mens mens, geliefd deur almal wat bevoorreg was om hom te leer ken.

Ongelukkig is hy láát 2016 oorlede - **Hennie le Roux 'n legende van die sitrusbedryf** wat baie gemis sal word en met liefde onthou sal word deur so baie mense van alle uithoeke van die wêreld.

6 Februarie 1959 - 4 Oktober 2016.

## EU OPLEIDING

Alle rolspelers wat van plan is om na die EU uit te voer moet opleiding deur DAFF ondergaan. Hierdie opleiding is tydens 'n ronde van "roadshows" vroeër vanjaar aangebied. DAFF het rolspelers wat nog nie die opleiding ondergaan het nie, 'n finale geleentheid gegee: Plek: Hoek van Hamilton Avenue en Hamilton straat 140 (DAFF DIS kantore); Datum: 3 April 2017; Tyd: vanaf 09:00. Kontak Tankiso by DAFF vir enige verdere inligting Tel. 012-3098775 of TankisoA@nda.agric.za.